# HERVORMINGSUITGAWE 2024


---

## PROTESTANTSE REVEILLE



---

**VIR DIE WOORD VAN GOD, EN VIR DIE GETUIENIS VAN JESUS CHRISTUS. OPENBARING 1v9.**




**PROTESTANTSE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA**

**GESTIG 1925**

## **'N WOORD VAN DIE REDAKTEUR**

Geagte Leser

Die Heilige Skrif, die Woord van God, was die rede waarom die misbruike en totalitariese beheer van die Rooms-Katolieke Kerk, en sy politieke alliansies, beëindig was, toe Martin Luther opgestaan het teen die tirannie van wat hy die "Babiloniese gevangenskap" genoem het.

**"die middelpunt waarom alle moderne geskiedenis gedraai het."**

**James Anthony Froude, skeptikus en historikus, se erkenning van die Protestantse Hervorming**

## **BELANGRIKE UITWERKING OP DIE MENSDOM**

Diegene wat in die donker gesit het, het 'n groot Lig in die skaduwee van die dood gesien, en noodsaaklike goddelikheid het die donkerheid van priesterlike funksie formalisme in 'n groot deel van Wes-Europa verdryf.

Vergelyk dit ongelukkig met die moderne Christelike kerk se baie "ligte", en handelsmerkbou, aan 'n geskatte 45 000 denominasies wêreldwyd:

**"Is Christus dan in stukke verdeel?" het die apostel Paulus die gemeente in Korinte gevra, 1 Korintiërs 1v13.**

## **KRY ONS HUIS IN ORDE**

Die einste duplisiteit en bedrieglikheid wat in die politiek aangespreek word en bespot word, lê dikwels onder 'n see van skynheiligheid in die huis van God. Die belastering en beledigende binnegevegte onder ons nasies se leiers word weerspieël in baie gemeentes en predikante! Mag die nuwe Regering van Nasionale Eenheid (RNE) 'n antwoord op gebed wees, en 'n gevoel van waardigheid op alle vlakke bring, terwyl Christene dapper die Heilige Gees se genade en leiding soek:


**"In die geskiedenis van God se werk, sal jy amper altyd vind dat dit begin by diegene wat onbekend en onkundig is maar wat standvastig getrou is aan Jesus Christus."**

**Oswald Chambers, bekeer as gevolg van Spurgeon se preke in Skotland**

Sal Christelike vryheid, en gewetensvryheid, waaksaam wees teen Woke se valse moraliteit, en die Bela Wet se potensiële "skolekaping" wat kinders raak wat beskerming nodig het?

Joune in Jesus

Ds. Craig Hounsom (besoek aan Dr. Andrew Murray se preekstoel)




**"Onthou dat baie min manne en baie min predikante die skerpte behou wat in die begin in hulle gees was."**

**Andrew Bonar wat Thomas Chalmers, Free Church of Scotland, aanhaal**

## DIE PROTESTANTSE HERVORMING

## 'N TERUGBLIK

Die doel van my huidige onderneming is die geskiedenis van een van die grootste revolusies wat ooit plaasgevind het in menslike sake – van 'n magtige opwelling wat drie eeue gelede aan die wêreld gekommunikeer was, en wie se invloed steeds sigbaar is aan elke kant – en nie die geskiedenis van 'n blote party nie. Die geskiedenis van die Hervorming is anders as dié van Protestantisme. In die eersgenoemde, dra alles die merk van 'n herlewing van die mensdom – van 'n godsdienstige en sosiale verandering wat van God self kom. In die laasgenoemde, sien ons te dikwels 'n skrille ontaarding van eerste beginsels, die stryde van partye, 'n sektariese gees, en die tekens van klein individualiteite. Die geskiedenis van Protestantisme mag net van belang wees vir Protestante; die geskiedenis van die Hervorming spreek alle Christene aan, of eerder die hele mensdom.

**DIE REGTE REVOLUSIE**

Dit is 'n transformasie van die laasgenoemde wat ek nederig onderneem om te beskryf, nie sonder die hoop dat die skoonheid van die onderwerp mag vergoed vir my eie tekortkominge nie. Die term "revolusie" wat ek hier gebruik daarvoor, is onlangs in onguns gebring deur baie mense, wat dit amper verwar met opstand. Maar hulle is verkeerd, want 'n revolusie is bloot 'n verandering in die sake van mense – iets nuuts wat ontvou (*revolutus*) in die mensdom; en hierdie einste woord was voor die einde van die vorige eeu meer gereeld in 'n goeie as 'n slegte sin gebruik: 'n gelukkige en wonderlike revolusie was die woorde wat gebruik was. Die Hervorming was geheel en al die teenoorgestelde van 'n opstand: dit was die hervestiging van die beginsels van primitiewe Christelikheid. Dit was 'n herskeppende beweging met betrekking tot alles wat bestem was om te herlewe: 'n *konserwatiewe* beweging met betrekking tot alles wat vir altyd sal bestaan.

Terwyl die Christendom en die Hervorming die groot beginsel van die gelykheid van siele in die oë van God gevestig het, en die toe-eieninge (op jouself neem) van 'n hoogmoedige priesterdom wat homself tussen die Skepper en sy skepsel wou plaas, verdryf het, het hulle albei hierdie fundamentele wet van sosiale orde gestel, dat alle mag van God kom, en 'n beroep op alle mense gedoen om "die broederskap lief te hê, God te vrees, en die koning te eer".

Primitiewe Christelikheid en die Hervorming is die twee groot revolusies in die geskiedenis. Hulle was nie beperk tot slegs een nasie nie, soos die verskeie politieke bewegings wat die geskiedenis aanteken, maar hulle invloed het baie geraak en hulle gevolge is bestem om tot die uiterste grense van die wêreld gevoel te word.

Primitiewe Christelikheid en die Hervorming is een en dieselfde revolusie, wat in verskillende tydperke en onder verskillende omstandighede plaasgevind het. Al is hulle nie gelyk in hulle sekondêre kenmerke nie, is hulle identies in hulle primêre en hoof eienskappe. Een is 'n herhaling van die ander. Die eergenoemde het 'n einde aan die ou wêreld gebring; die laasgenoemde het die nuwe begin. Tussen hulle lê die Middeleeue. Een is 'n ouer van die ander; en alhoewel die dogter in party gevalle merke van minderwaardigheid mag dra, het sy besondere kenmerke wat haar eie is.


**Merle D'Aubigne se klassieke History of the Reformation – Geneva.**

**Prent van Martin Luther**



**"Ons het iets nodig wat nie van die mens kom nie – iets wat van God kom.**
**'Gee my,' het Archimedes gesê, ''n punt buite die wêreld. En ek sal dit van sy pole lig.'**
**Ware Christelikheid is hierdie punt." D'Aubigne**

## EENVOUDIGHEID – ISAAC WATTS OOR UITGEREKTE PREKE



Een van die hoofkwaliteite van sy gedagtes was helderheid, maar dit kan nie gesê word dat dit 'n groot waarde was van die predikante van Watts se jeug en jong manlike jare nie. Watts wou graag die gemeente nie net met begrip laat sing nie, maar ook met begrip laat hoor. Hy het geprobeer om die prediking in sy tyd, veral die struktuur van preke, te hervorm. Hy het sy bediening begin in 'n era van wat hy graag "verdeelde preke" ("branching sermons") genoem het. Selfs begaafde predikante soos Owen en Howe kon hulle energie opgebruik en hulle hoorders uitput deur die fyn onderverdeling van hulle preke.

Watts vertel ons dat hy hierdie manier van preek gebruik het totdat hy gedink het aan Esegiël se visioen in die laagte vol bene: "ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog". In 'n ander plek sê hy "Predikante praat tevergeefs oor rede en godsdiens met hulle hoorders, as hulle nie die argument kort genoeg maak om binne hulle begrip te wees nie, en hulle gedagtes gereeld laat rus". Hy het sy eie preke so meedoënloos gesny soos sy gesange, sodat hulle reguit kon wees, met 'n eenvoudige struktuur, en verstaan kon word deur die gewone kerkganger.

***"Geseënd is die Here wat na die mens kom***
***Met boodskappe van genade***
***Wat in God Sy Vader se naam kom***
***Om ons sondige geslag te red."***

***("Bless'd be the Lord, who comes to men***
***With messages of grace***
***Who comes in God his Father's name***
***To save our sinful race.")***

**Uittreksel uit die boek – ISAAC WATTS REMEMBERED 1674-1748 deur David Fountain**


---

## GRACE TRIUMPHANT

## IN AUSTRALIË

Die seun van 'n Metodiste predikant, wat van Angas Kollege na Tasmanië teruggekeer het, het gaaf aangebied om 'n program van vergaderings dwarsdeur die Kolonie vir my te beplan, wat hy baie sistematies en deeglik gedoen het. Dus, na 'n baie volle en gelukkige rondte vergaderings in Melbourne, het ek oorgegaan na Van Dieman's Land en in Launceston geland, bekend vir sy verruklike, pragtige kloof op die Tamarrivier.

Hier het ek veertien vergaderings in die week gehou. Twee gebeurtenisse in hierdie stad is, dink ek, noemenswaardig. ‘n Middeljarige weduwee wat in ‘n voorstad gewoon het, het ‘n brief van haar dogter in Hobart ontvang, waarin sy haar aangemoedig het om na my te gaan luister. Sy het vir my ‘n mooi briefie gestuur en my genooi om middagtee te kom drink. Toe ek op die bedekte stoep voor die deur gestaan het, het ek geskrik toe ‘n harde stem gevra het *“Wie is jy?“.* Voor ek weer kalm kon raak, het ‘n ander stem geantwoord *“Ek is Jimmy se arme broer Joe”.* Die sprekers was twee Australiese eksters in hokke wat op die stoep gehang het. Ons het tee gehad, en my gasvrou het met taamlike belangstelling na my beskrywing van ons sendingwerk geluister. Sy het vir my £1 vir myself en £1 vir die Sending gegee.



Toe het die gesprek ongelukkig gedraai na die nuwe boek, “In His Steps,” deur C.M. Sheldon. Sy (‘n vrome Kongregasionalis) het haar entoesiastiese waardering vir die boek getoon. Toe sy gestop het en gewag het vir my opinie, het ek die hele spul verongeluk deur om te sê dat ek gevoel het dat die tendens van die boek se leer die beklemtoning van die menslikheid van Christus ten koste van Sy Goddelikheid was, met nie ‘n enkele verwysing na die Heilige Gees nie, maar ‘n bewering dat enigiemand Christus se lewe kon naboots sonder die nodigheid van die wedergeboorte. My gasvrou was woedend, en ek het gesien dat dit tyd was om op te hou. Toe ons hande geskud het, het ek gesê “Ek sal u weer besoek voor ek gaan”, waarop sy geantwoord het, “Ja! Wanneer jy genooi word.“ Daar gaan Jimmy se arme broer Joe!

**A. W. BAKER (geb. 1856) was ‘n timmerman, prokureur en pioniersendeling van PMB.**


---

## DIE SEUN-PREDIKER VAN DIE MOERASSE

## SPURGEON

Een nag, na ek oor die Woord gepreek het in ‘n plattelandse dorpie, het ek alleen huis toe gestap op ‘n eensame voetpaadjie. Ek weet nie wat makeer het nie, maar ek was bereid om vir iets te skrik. Toe sien ek gewis iets wat in die heining staan – aaklig, reusagtig en met uitgestrekte arms. Ek het gedink dat ek sonder twyfel iets bonatuurlik teëgekom het; hier is een of ander rustelose gees besig met sy middernagstaptog onder die maan, of een of ander demon uit die hel wat rond wandel.

Ek het vir ‘n oomblik daaroor gedink en aangesien ek nie in spoke glo nie, het ek moed bymekaargeskraap en besluit om die geheim op te los. Die gedrog was anderkant die sloot, reg in die heining. Ek het oor die sloot gespring en ‘n ou boom gegryp. Toe het ek gesien dat een of ander grapjas dit met witkalk gesmeer het om onnosels bang te maak. Daardie ou boom het vir my goeie betekenis gehad, want ek het geleer om na moeilikede of struikelblokke te spring, om te vind dat hulle verdwyn of oorwinnings word.




**“Hou reg aan tot die einde van die pad.”**
**Herbert Holdsworth Smith – Christelike filantroop.**
**Broer van KZN nyweraar C.G. Smith (1889 – 1966), Illovo Sugar.**

## RYNSE SENDINGGENOOTSKAP (RHENISH MISSIONARY SOCIETY) (RMS) VAN DIE RYNRIVIER (WUPPERRIVIER)

Die Christelike Evangelie se verspreiding in Suidelike Afrika het versnel met die aktiwiteite van sekere pioniersendinggenootskappe, waarin die Rynse Sendinggenootskap ‘n rol gespeel het:

“Die Rynse Sendinggenootskap was een van die grootste Protestantse sendinggenootskappe in Duitsland… sy eerste sendelinge was teen die einde van die jaar bevestig en na Suid-Afrika gestuur”, Wikipedia. Dit het die samesmelting van kleiner sendinggenootskappe in 1828 nou gevolg.

## SAMEWERKING VAN PROTESTANTE

In Namibië (voorheen Suidwes-Afrika) was daar ’n assosiasie met die Evangelies-Lutherse Kerk, terwyl in Suid-Afrika het die Rynse Sendinggenootskap ‘n hegte werkende verhouding met die Londense Sendinggenootskap (London Missionary Society) (LMS) gehad. Soos met ander Protestantse sendinggenootskappe was dit ekumenies (Hervormde en Lutherse kerke ingesluit) in die ou ortodokse sin, wat die wyer Christelike Kerk verteenwoordig het, maar nie intergeloof en pluralisties nie, wat die moderne Ekumeniese beweging tot sy nadeel aangeneem het!

Rhenish Meisieshoërskool in Stellenbosch (gestig in 1860) is saam met La Rochelle Meisieshoërskool in Paarl die oudste skole vir meisies in Suid-Afrika.



Mag skole met Christelike wortels hulle goddelike erfenis behou ondanks die ondermyning van alles wat diegene wat die Here vrees en liefhet, waardeer:

**"Verder, broers, alles wat waar is,**
**alles wat edel is,**
**alles wat reg is,**
**alles wat rein is,**
**alles wat mooi is,**
**alles wat prysenswaardig is –**
**watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees –**
**daarop moet julle julle gedagtes rig."**
Filippense 4v8 – DIE REDAKTEUR.

## EEN GEES

**"Daar is net een liggaam en net een Gees… een Here, een geloof, een doop.**
**Een God …" Efesiërs 4v4-6**

Wie is voldoende vir hierdie dinge, so diep en onpeilbaar vir die mens? Want sonder die Heilige Gees en die Woord van God, die Bybel, is ons so blind soos 'n mol deur ons sondige natuur. So dan neem ons ons skoene af, as ons staan op die heilige grond van die Drie-eenheid se heerlikheid:

**"Ek vergeet nie wat die wyses sê nie, dat 'as daar van God gepraat word, is selfs wat waar is, gevaarlik'."**
**Tyrannius Rufinus, Presbiter van Aquileia (+/- 340-410 nC)**

**Ek glo in die Heilige Gees**
Christelike gelowiges glo in die Drie-eenheid, wat die Drie-enige God van die Ou en Nuwe Testamente, Jehova is: Een God – Drie Persone: Vader, Seun en Heilige Gees in perfekte heilige harmonie:

**"Niks word gedoen deur die Vader wat nie deur die Seun en deur die Heilige Gees gedoen word nie."**
**Augustininus, biskop van Hippo, kerkvader, oor die doktrine van die onskeibaarheid van die Persone van die Drie-eenheid**

Pinksterdag in die Handelinge van die Apostels wys die vervulling van die Here Jesus se belofte dat Sy apostels krag sou ontvang om "My" getuies te wees, Handelinge 1v8 (verwys na Johannes 14v18). Die skynbaar mislukte dissipels het heeltemal verander tot aangemoedigde predikante wat die hele wêreld in beroering gebring het en die Evangelie begin versprei het (Handelinge 17v6). Wat was hulle boodskap, of moet ek eerder vra, Wie was hulle boodskap? Anders as moderne bewegings wat hoogmoedig impliseer dat hulle die kopiereg van die Heilige Gees het en volgens hierdie lyne leer, is die realiteit dat die Kruis en die Opstanding sentraal is aan die Evangelie:

---

**"As mense met die Gees gevul is, sou hulle nie boeke oor daardie onderwerp skryf nie, maar oor die Persoon wat die Gees gekom het om te openbaar. Om besig te wees met Christus is God se doelwit."**
**Jim Elliot, sendeling en martelaar (1956)**

**<u>Die Heilige Gees en die Skrif</u>**

Dit is duidelik dat die Heilige Gees die Skrywer en Tolk van die Woord van God is, 2 Petrus 1v20-21, en dat daar geen teenstrydigheid kan wees tussen die Gees en die Bybel nie. Wanneer daar strydige leer is, is dit nie van Bo nie, maar as gevolg van die mens se eie gees se valse profesie wat hy beweer van God kom. Die apostel Johannes, wat deur die Heilige Gees die skrywer van die Evangelie van Johannes was, "'n geestelike Evangelie", soos Eusebius die kerkhistorikus dit genoem het, het sy lesers gewaarsku om nie elke gees te glo nie maar om die gees te ondersoek, 1 Johannes 4v1. Die basiese maatstaf of standaard om die waarheid na te gaan is waar Jesus Christus, die ewige Woord, en die Woord van God, in 'n doktrine pas wat voorgestel word.

**<u>Die onvergeeflike sonde</u>**

**"Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie"**
**Markus 3v29 (KJV)**

**"Min woorde in die Bybel het meer angs en vrees veroorsaak as hierdie. Geleerde manne stem nie saam in hulle siening van wat dit is om teen die Heilige Gees te laster nie. Maar ongeag die ware betekenis van die woord, staan hulle hier as 'n waarskuwing teen 'n verskriklike gevaar. Hulle is soos 'n rooi lig voor 'n gevaarlike rotswand. Alhoewel ons nie mag weet net wat die sonde behels nie, is dit beslis ons plig om so ver as moonlik weg te bly van die rand."**
**J R Miller DD A Beacon Light – Come Ye Apart.**

Die Skrifgedeelte hierbo word nou en dan op 'n bedrieglike manier deur sekere selfverklaarde "profete" gebruik in 'n poging om ander te intimideer om heeltemal vir hulle valse bewerings te val. Dit is gevaarlik om die Heilige Gees se openbaring van die Evangelie te weerstaan en om dit aan Satan toe te skryf. Aan die ander kant is dit noodlottig om jou eie spekulasies te volg, dat hulle van die "Gees" praat.

Daar is Een Gees en Hy is nie die skepper van verwarring nie, maar van gevestigde waarheid soos dit is in Jesus, tot ons Hemelse Vader se volkome heerlikheid. Al ons leermetodes, en planne, is nutteloos sonder die Gees se heilige invloed.

Craig Hounsom

Artikel was geskryf op versoek van 'n ware man van genade, Stan Turketti – Radio Kaapse Kansel.



**"Johannes Calvyn het die Bybel die skool van die Heilige Gees genoem."**
**Prof. Pieter Potgieter – The Work of the Spirit – Banner of Truth**

## DRIE WILLIAMS – HOOGSTAANDE CHRISTENE VAN AFRIKA

Met die groeiende tendens om terug te keer na aanbidding van die voorouers, en die Christelike Evangelie daarmee saam te smelt, is hierdie artikels relevant.

### "William – wat Jesus liefhet" – William Nagenda van Uganda (1912-1973)

"William Nagenda het grootgeword in 'n Christelike huis. William het van kleins af besluit om 'n sendeling in die Kongo te wees, maar hy het geweet dat sy geloof 'n voorwendsel was." Diary of African Christian Biography.



Daardie krisis het hierdie een man na die Kruis van Christus gelei, en uiteindelik na 'n ver wyer bediening:

"Ons kan nie so aangaan nie; die wêreld vergaan en ek hoor Sy stem wat my roep om verantwoordelikheid te neem, nie net vir Uganda nie, maar vir Afrika, en die hele wêreld …. 'Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe'".

---

"Ons kan nie in hierdie land vol donkerte werk tensy ons met die Heilige Gees gevul is nie … Maar as ons te lank stilstaan by ons sorge en probleme, sal ons die visie van die wêreld se behoefte verloor." *William Nagenda (Anglikaanse Evangelis*).


"Haley het gepreek oor die ou Puriteinse gebed, 'Heer, gee ons die geskenk van trane'", J.W. Haley, Methodiste veteraan en vennoot van A.W. Baker. Dr. Joe Church, Quest For The Highest.

*********************

**"Neem U heerlikheid, Heer" – William Duma van Suid-Afrika (1907-1977)**

"Die storie van William Duma, 'n nederige Zoeloe pastoor van 'n klein nedersetting met twintig hutte in die heuwels van Natal, Suidkus, met 'n passie vir God. Hy het 'n kweekskool bygewoon en later God ontmoet, met 'n intensiteit wat hom vir ewig verander het. Sy bediening was gevul met die wonderbaarlike mag van God ….

"William Duma het die respek en liefde van alle rasse verdien in die donkerste dae van apartheid, en jy sal leer om hom lief te hê terwyl hy jou uitdaag om God te vertrou en te weet dat met Hom is alle dinge moontlik." Take Your Glory, Lord deur Mary Garnett CLC.




"Eer was aan hom verleen deur sy eie kerk (Baptiste) deur die Konvensie wat hom as Moderateur verkies het, en deur baie mense nie in sy denominasie nie en buite die grense van sy eie land, maar hy het alle eer aan God gegee." Syd Hudson – Reed Baptist Union.

Sy goedhartige heiden-vader het na sy vrou omgesien. Een dag in Kimberley, "het 'n vreemdeling in nood na my gekom. 'Sê vir my, Zoeloe,' het hy gesê, 'vertel my as jy dit ken, die Naam van die God-man wat vir my sondes gesterf het. Ek het Sy naam vergeet, maar Hy is in my hart. Ek gaan huis toe, na my heiden-mense. Ek moet hulle vertel van Hom. Hy het my 'n paar dae gelede gevind.' Ek het die ou Mumzane vertel dat sy naam Jesus was."

<u>These Prayed – Evan Wiggs (Duma beteken Donderweer)</u>

"In 1939 het hy die Umgeni Road Baptist Church aangeneem, 'n kerk met sewe mense. Daar het die heerlikheid neergekom en die magtige bediening van William Duma het begin."

<u>Redakteur se nota:</u> As 'n jong gelowige in Durban, was daar van Pastoor Duma en Umgeni Road Baptist Church gepraat met eerbied en waardering; magtig in word en daad!

*************************************

**William Kama (1798-1875), Oos-Kaapse leier**



"Kama was die hoof van die Gqunukwebe-stam en was die eerste hoof om in die openbaar te erken dat hy 'n Christen was.

"Kama was gebore toe Van Der Kemp besig was met sendingwerk onder die Xhosa, maar sonder sukses. Van Der Kemp (LMS) het weggetrek na Bethelsdorp, maar van 1821 het Ds. William Shaw van die Wesleyaanse Methodiste geprobeer om sendingstasies te stig.

"Kama was met Nongwane getroud, die dogter van Hoof Ngqika. Sy het dikwels geluister na Ntsikana ('n Xhosa Christenevangelis) en was beïndruk deur sy boodskap. Na die aankoms van die sendeling Shaw, het Kama opgelet dat sy dikwels stilletjies weggeglip het. Eendag het hy haar gevolg en ontdek dat sy gaan bid het. Dit was 'n belangrike faktor in die bekering van Kama."
Dictionary of African Christian Biography (DACB), J.A. Millard.

"Geskiedenis maak die mens terwyl die mens geskiedenis maak." Never A Young Man, Celia Sadler in Letters And Journals of Rev. William Shaw (Methodiste pioniersendeling).

---

**"Die beste regverdiging van 'n kritikus van enige tydperk in die geskiedenis is dat hy homself kan terugwerp in daardie tyd."**
**Skrywer van Christabel in Saul Solomon se biografie**
**Coleridge het dit gesien as die fundamentele gebrek onder so baie historikusse**

---

## BARTH AANMERKING – IN WARM WATER!

Geagte Mnr Hounsom

Dankie vir die laaste uitgawe van Protestantse Reveille. Dit is altyd verfrissend om dit te lees. Maar vergewe my as ek aanstoot neem met betrekking tot die aanhaling van Cornelius van Til: "Geen dwaalleer wat op enige van hierdie tye verskyn het (met verwysing na die tye van die Konsilies van Nicea, Dort, en Westminster) was so diep en uiteindelik vernietigend vir die Evangelie soos die teologie van Barth nie". Dit is uiters naïef en die groot hoeveelheid predikante en teoloë wat dit reggekry het om hulle pad na, of terug na, die Evangelie te vind juis as gevolg van Barth, word nie in aanmerking geneem nie; al wat Barth gedoen het was om die Protestantse Kerk te red van sy verleiding deur Hitlerisme en antisemitisme in Nazi-Duitsland.

Douglas Bax

Aandag: Ds. Dr. Douglas Bax

Geagte Ds. Bax

Dankie dat u die tyd geneem het om Protestantse Reveille te lees, and hoflik te reageer op van Til (van Princeton, jou Alma Mater) se aanhaling wat ek verwag het 'n reaksie sou lok. Ek waardeer dit opreg, en dit wys dat 'n afgetrede 90-jarige vorige Suid-Afrikaanse kerkleier vry is van apatie.

Jou verklaarde siening van Barth se Neo-Ortodoksie, en die vermeende positiewe gevolg daarvan vir diegene wat voorheen onsimpatiek was teenoor die Evangelie se boodskap, is 'n argument wat nou en dan geopper word. Dit is kommerwekkend dat persone wat die gawe van slimheid en 'n ondersoekende natuur van die Here ontvang het, dikwels daardie talent gebruik om tussen hulself en Sy Woord, die Bybel, te kom. Daar is een geloof en een manier om dit te ontvang, as 'n kind, waarvoor Sint Augustinus se trotse en verwarde gedagtes moes buig. Ek persoonlik is 'n eenvoudige mens, en ek dank die Hemel daarvoor. Neo-Ortodoksie moet nie die behoefte aan naakte geloof omseil nie.

Protestantisme in sy ware vorm is anti-Nazi, en simpatiek teenoor die oeroue mense van God, ons wortels. Wanneer dit wegdryf daarvan, het dit die geloof verloën, en sy siel verloor. My Pruisiese oupa, Henry (Chaim) Thomas Merber se vader, Rabbi Benjamin Merber, was van die stam van Levi. Wat nie algemeen bekend is nie is hoe die groot meerderheid van Lutherse pastore teen Hitler ('n Rooms-Katoliek) en sy bruinhemde boewe gestaan het. 'n Jong teologiese nagraadse student van Berlyn, "Karl Hoffman", moes uit Duitsland vlug, na hy sy vader, "Dr. Franz", 'n naïewe veteraan Lutherse pastoor, gewaarsku het oor die loesings ens wat deur die opkomende Nazi bewind gepleeg was. Hulle het uiteindelik sy vader doodgeslaan.
Skuilname omdat boek uitgereik is in VSA tydens die Tweede Wêreldoorlog: UNTIL THAT DAY deur Kressman Taylor.

Ek wil graag u kritiek insluit in Oktober se HervormingsReveille, en my reaksie. Daar is 'n paar aanhalings van Drs. Martin Lloyd-Jones en Francis Schaeffer wat ek wil inbring.


God seën u.

Craig.

## FRANCIS SCHAEFFER OOR BARTH

**"In 'n welbekende gesprek met Karl Barth in 1950, het Schaeffer die vernaamste teoloog gevra of hy geglo het dat God die wêreld geskep het. Barth het geantwoord dat hy het, in die eerste eeu nC. Schaeffer het na buite gewys en gevra of dit 'hierdie wêreld' ingesluit het, die woud en die heuwelhang. Waarop Barth geantwoord het, 'Hierdie wêreld maak nie saak nie'. Om die skepping in die Menswording te vou en dan die huidige wêreld af te kraak (te diskrediteer), het alles verteenwoordig waarteen Schaeffer gestaan het."**

**William Edgar Crossway.org, Ten Things You Should Know About Francis Schaeffer.**





## MARTYN LLOYD-JONES OOR BARTH

**"Sy styl was ingewikkeld en moeilik, en alhoewel hy 'n tyd lank 'n groep intellektuele predikante voortgebring het, wat altyd oor die 'Woord' gepreek het, het dit gou duidelik geword dat hulle nie oor die 'Woord' self gepreek het nie. Teen nou was sy invloed van die vasteland oorskadu deur dit van meer radikale denkers."**

**Dr. Martyn Lloyd-Jones – The Significance of Karl Barth**

**Metropolitan Tabernacle.org**



**"Sorg vir Sy saak, en Hy sal sorg vir jou belange; sorg vir Sy heerlikheid en Hy sal sorg vir jou gemak."**

**"Rabbi" Dr. John Duncan van die Free Church of Scotland aan jong William Chalmers Burns, die seun van Ds. W. Burns Sr. Burns Jr. sou magtig deur die Here gebruik word by St Peter's Church, Dundee, Skotland, toe sy vrome predikant, Robert M'Cheyne, na Palestina en die "Heilige Land" gegaan het in verband met 'n Kerk van Skotland ondersoek**

## THE GOSPEL COALITION AFRICA (TGC AFRICA) – 'N HERVORMDE BLOG

In 2019, terwyl hy in Kampala, Uganda, gewoon het, het 'n vriend van Derrick Ntambi hom 'n nuwe Christelike webwerf gewys wat 'n indruk gemaak het in die kerkgemeenskap waarvan hy 'n deel was. Toe Derrick deur die inhoud gegaan het, was hy verbaas oor hoe die artikels baie van die teologiese en doktrinale uitdagings wat eie is aan die Afrika-vasteland, kontekstueel aangespreek het.

**Bekendstelling van TGC Africa**

In 2018 was The Gospel Coalition Africa (TGC Africa) bekendgestel deur vier Suid-Afrikaners gelei deur Biskop Martin Morrison van Christ Church Midrand, Gauteng, ondersteun deur Colette Owens van Holy Trinity Gardens, Kaapstad. Dit was 'n Hervormde teologiese "blogging" platform met bydraers van dwarsoor Afrika, wat volgens die Bybel en hulle geloof die moeilike vrae waarmee Derrick geworstel het as 'n jong Christen in Uganda, aangepak het.

Die ontdekking van die werk van TGC Africa was een van die keerpunte wat Derrick aangemoedig het om sy teologiese studies voort te sit. Hy wou graag uitreik na sy gemeenskap met gegronde doktrine, soos hy bereik was. Min het hy geweet dat hy later 'n bydraer sou wees en sou byvoeg tot die groeiende bergplek van artikels wat Afrika se teologiese landskap op TGC Africa hervorm het. Vandag werk Colette Owens en Derrick Ntambi saam in die TGC Africa redaksiespan terwyl hy vir sy Honneursgraad studeer by Whitfield Kollege in Kaapstad.

**Christelike Kerk in Afrika se vinnige groei**

Die Kerk in Afrika ervaar eksponensiële groei. Maar saam met hierdie vinnige groei kom 'n groot uitdaging. Ondanks die feit dat dit 'n vasteland met baie kerke is, ly Afrika aan teologiese anemie. Dr. Byang Kato van Nigerië het geglo dat dit as gevolg van die verwaarlosing van plaaslike teologie en filosofie was. Teologiese kwessies in Afrika kan beter betroubaar aangespreek word deur teoloë van Afrika wat die unieke kulturele en gemeenskapskontekste verstaan waarin hulle lewe en bedien.

TGC Africa is verplig tot die uitgee van betroubare Christelike inhoud deur mense van Afrika, vir mense van Afrika, wat die alledaagse vrae, vreugdes en uitdagings van hulle plaaslike kontekste and kerke aanspreek. Ses jaar later is daar 'n groeiende aanlyn argief van teologiese waarheid en Bybelse wysheid wat diep resoneer met gelowiges van Afrika. Belegging in inheemse leiers sal die volgende geslag van teologiese skrywers en gedagteleiers van Afrika kweek.

**Deur die werk van TGC Africa, skep African Reformed en Evangelies-Protestantse netwerke van Bybelse kerke en bedieninge – wat deur hulle 14 Raadslede van 11 Afrika-lande verteenwoordig word – 'n florerende digitale ruimte waar gelowiges met mekaar skakel, groei, en mekaar ondersteun. 'n Gemeenskap van Afrika-Christene wat daaraan toegewy is om Christus te bedien en om Hom alleen te verheerlik. Besoek hulle by africa.thegospelcoalition.org en volg hulle werk op hulle sosiale media platforms. Wees deel van die beweging wat die toekoms van Afrika-Christelikheid vorm!**



Derrick Ntambi & Colette Owens, TGC Africa.

**"Die herlewing van Intellektualisme, en aantrekkingskrag van filosofie of sielkunde vir Evangeliesgesindes, sowel as hulle begeerte na akademiese grade."**
**A.W. Tozer se waarskuwing, aangehaal deur Bentley C.F. Chan**

Redakteur se nota: Hierdie uitgawe van Reveille het 'n verskeidenheid van artikels oor Afrika wat bedoel is om ons te herinner aan die gewone mense wat die Here gebruik, sowel as geleerdes, in Sy soewereine doeleindes. Onthou ons vroeë apostels van Galilea wat net met Jesus was.

## DR. JOHN MacARTHUR VSA – 'N PLAASLIKE SIENING

'n Predikant, die Bybel en sy gemeente

**INLEIDING**

Hierdie klein studie is gedoen omdat iemand my gevra het "Waarom is my kerk so teen John MacArthur?". Dit is ongelukkig 'n standpunt wat blykbaar aan die toeneem is. Wat volg is nie bedoel om 'n man van God te verkleineer nie. Dit is net om iets te wys van die grootheid en stukkendheid wat saam met predikers van die Evangelie gaan.

## ALGEMEEN


John MacArthur is vir baie mense in Suid-Afrika ‘n rolmodel prediker en skrywer. Hy is 85 jaar oud, en geniet redelike goeie gesondheid. Daar word blykbaar min gedoen oor ‘n opvolger. Dit is ongelukkig ‘n een-man kerk, wat ‘n ernstige probleem gaan wees wanneer hy sterf. Dit is ‘n saak wat die ouderlinge by Grace Community Church seker besig is om te hanteer.

John MacArthur is bekend vir sy herhaling van die gesag van die Woord van God, die Bybel. Om daardie rede, wanneer hy preek/leer, is dit met ‘n sin van goddelike gesag, wat dit moeilik maak om Bybelse waarheid van interpretasie te onderskei. Waarheid wat verkondig word is die prediker se taak; finale oordeel oor alle mense berus by God in wie se beeld die mens geskep is.

‘n Mens word gelos met die indruk dat MacArthur se interpretasie van die Woord van God foutloos is. Hy is net nooit verkeerd nie, en word selde tereggewys. Baie van sy minder begaafde volgelinge/dissipels het dieselfde houding.

Ons moet onthou dat selfs die mees begaafde van die Here Jesus se dienaars sondige mense is. John MacArthur, die prediker/leermeester, is nie onfeilbaar nie, net God se Woord is.

## ‘n Voorbeeld van algemene teologiese standpunte



1. Hy is ‘n “cessasionist” (glo in die staking van geestelike gawes), dus sy standpunt teen genadegawes (charismata). Drie boeke wat hy geskryf het bly in druk. Hy beweer dat geen persone wat as lede van ‘n charismatiese of Pinksterkerk God aanbid nie, kan beweer dat hulle die God van die Bybel aanbid nie. Om daardie rede bevraagteken hy aansprake tot goddelike aktiwiteite en toets Christelike beleefdheid in reaksie.

2. MacArthur maak nie aanspraak op pastorale gesag nie. Ten spyte van Matteus 28:18-20 en Hebreërs 13:17 waarvoor hy ‘n verduideliking gee maar ‘n mens nie oortuig nie. ‘n Mens sou gedelegeerde gesag verkies.

3. Billike kritiek is sy tekort aan preek toepassing. Hy fokus op die blootstelling van sonde, wat hy tekstueel ondersteun, maar aansprake op voldoende ondersteuning het oor die algemeen wyer kontekstuele begrip nodig. Toepassing is alleenlik die domein van die Heilige Gees, sê John MacArthur.

4. Premillennialistiese en dispensasionalistiese standpunt: Terwyl hy sterk is ten opsigte van die eersgenoemde, wissel hy ten opsigte van die laasgenoemde. Hy het gesê “Ek is ‘n lekkerige dispensasionalis”. Dit impliseer ‘n duidelike onderskeiding tussen Israel en die Kerk.

---

5. Soos met baie van sy eweknieë van die Baptistiese geloof, word min aandag geskenk aan apostoliese gelowe/belydenisse/kategismusse. Wat die herhaling van basiese fundamentele waarhede oor en oor vereis. Dit is duidelik veral in sy kommentare wat basies soortgelyke gewilde kommentare van dieselfde soort weerspieël. Die rede mag beperkings van uitgewers wees, maar myns insiens weerspieël dit nie die potensiële diepte van vakgeleerdheid wat 'n mens van John MacArthur die geleerde sou verwag nie.

Alhoewel die bogenoemde nie volledig is nie, kom hierdie teologiese kwessies oor die algemeen voor op 'n wyer skaal. Dit is onderwerpe vir voortgesette debat onder Christene, wat selde, indien ooit, opgelos word.

**Prof. Raymond Potgieter – Fakulteit Teologie, Noordwes-Universiteit**

**WORD VERVOLG.**

**REDAKTEUR SE NOTA:**
Raymond was 'n medestudent by BI, Kalkbaai, waar hy later die hoof geword het.

---

**DANKIE VIR U GEBEDE.**

**Redakteur** : **Ds. Craig Hounsom** **Voorsitter: Dr. Kenny Allen**

**Afrikaans vertaler** : **Lydia Koetzee**

**Webwerf** : **Reveille Archive Netwise MultiMedia**

**Epos** : **reveille@protestant.co.za**

---

**DIE HERE HET DIE WOORD LAAT HOOR – DIE VROUE WAT DIE GOEIE TYDING GEBRING HET, WAS 'N GROOT SKARE.**
**PSALM 68v12 (1933 vertaling)**

---